Government Gazette

Vol. 399 | Pretoria 8 September 1998 | No. 19231

Regulasiekoerant No. 6290

GOEWERMENTSKENNISGEWING

SUID-AFRIKAANSE KWALIFIKASIES -OWERHEID

NO. R 1127 — **8 September 1998**

REGULASIES INGEVOLGE DIE WET OP DIE SUID-AFRIKAANSE KWALIFIKASIES-OWERHEID, 1995

(WET NO. 58 VAN 1995)

Die Suid-Afrikaanse Kwalifikasies-Owerheid het kragtens artikel 14 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasies-Owerheid, 1995 (Wet No. 58 van 1995), met die goedkeuring van die Minister van Onderwys en in oorleg met die Minister van Arbeid, die regulasies in die Bylae uitgevaardig.

BYLAE

HOOFSTUK 1: ALGEMENE BEPALINGS

1. Woordomskrywing

HOOFSTUK 2: ONDERWYS-EN-OPLEIDING KWALITEIT-VERSEKERINGSLIGGAME

2. Akkreditering
3. Kriteria vir akkreditering van Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggame
4. Sertifikaat van akkreditering
5. Uitbreiding van akkreditering
6. Herroeping van akkreditering
7. Lidmaatskap van Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekerings- liggame
8. Ontruiming van amp deur lede van Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam
9. Funksies van Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam

HOOFSTUK 3: REGLEMENT VAN ORDE EN FINANSIERING VAN DIE BEDRYWIGHEDE VAN ONDERWYS-EN-OPLEIDING KWALITEIT-VERSEKERINGS-LIGGAME

10. Finansiering van bedrywighede van Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam
    Reglement van orde

HOOFSTUK 4 : VERSKAFFERS VAN ONDERWYS EN OPLEIDING

11. **Reglement van orde**
12. Akkreditering van verskaffers
13. Kriteria vir akkreditering van verskaffers
14. Sertifikaat van akkreditering as verskaffer
15. Uitbreiding van akkreditering van verskaffers
16. Voorlopige akkreditering van verskaffers
17. Herroeping van akkreditering van verskaffers

HOOFSTUK 5 : MODERERINGSLIGGAME

18. Aanstelling van modereringsliggame
19. Briewe van aanstelling as modereringsliggame
20. Funksies van modereringsliggame
21. Beëindiging van aanstelling van modereringsliggame

HOOFSTUK 6 : PROFESSIONELE LIGGAME EN EKSAMINERINGSLIGGAME

22. Insluiting van professionele liggame en eksamineringsliggame in standaardvasstelling, kwaliteit-versekering en moderering

HOOFSTUK 7 : DIVERSE BEPALINGS

23. Appèl prosedure
24. Kort titel

BYVOEGSEL

Reglement van Orde vir Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggame

HOOFSTUK 1 :

ALGEMENE BEPALINGS

Woordomskrywing

1. In hierdie regulasies het enige woord of uitdrukking waaraan ‘n betekenis in die Wet toegeken is sodanige betekenis en, tensy uit die samehang anders blyk, beteken -

"akkreditering" die sertifisering, gewoonlik vir ‘n spesifieke tydperk, dat ‘n persoon, liggaam of instelling oor die vermoë beskik om ‘n spesifieke funksie uit te voer in die kwaliteit-versekeringsisteem wat deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid ingevolge die Wet ingestel is;

"assessor" die persoon wat deur die betrokke Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam ooreenkomstig kriteria wat vir dié doel deur ‘n Standaard Ontwikkelingsliggaam ingestel is, geregistreer is om die sukses van gespesifiseerde Nasionale Kwalifikasiesraamwerk standaarde of kwalifikasies te meet, en "konstituerende assessor" het ‘n ooreenstemmende betekenis;

"belanghebbend" om te behoort aan die omskrewe of gedelegeerde belangegroep van ‘n organisasie of liggaam bedoel in hierdie regulasies;

"geregistreerde standaarde" standaarde of kwalifikasies wat op die Nasionale Kwalifikasiesraamwerk geregistreer is;

"kwaliteit-bestuursisteem" die kombinasie van prosesse wat gebruik word om te verseker dat die gespesifiseerde graad van uitnemendheid bereik is;

"kwaliteit-oudit" die proses van ondersoek van die aanwysers wat die graad van uitnemendheid wat bereik is, aandui;

"kwaliteit-versekering" die proses waardeur verseker word dat die gespesifiseerde graad van uitnemendheid bereik word;

"moderering" die proses wat verseker dat die assesering van die uitkomste beskryf in Nasionale Kwalifikasiesraamwerk standaarde of kwalifikasies, regverdig, geldig en betroubaar is;

"modereringsliggaam" ‘n liggaam deur die Suid Afrikaanse Kwalifikasies-owerheid aangestel vir die spesifieke doel van moderering;

"Nasionale Standaardeliggaam" ‘n liggaam wat ingevolge artikel 5(1)(a)(ii) van die Wet geregistreer is, wat verantwoordelik is vir die instelling van onderwys-en-opleidingstandaarde of kwalifikasies en waaraan spesifieke funksies met betrekking tot die registrasie van nasionale standaarde of kwalifikasies ingevolge artikel 5(1)(b)(i) van die Wet toegeken is;

"Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam" ‘n liggaam wat ingevolge artikel 5(1)(a)(ii) van die Wet geakkrediteer is, wat verantwoordelik is vir die monitering en ouditering van prestasies ingevolge nasionale standaarde of kwalifikasies en waaraan spesifieke funksies met betrekking tot die monitering en ouditering van nasionale standaarde of kwalifikasies ingevolge artikel 5(1)(b)(i) van die Wet toegeken is;

"primêre fokus" daardie aktiwiteit of doelwit in die sektor waarop ‘n organisasie of liggaam sy pogings konsentreer;

"professionele liggaam" ‘n statutêre liggaam wat as sodanig geregistreer is ingevolge die wetgewing wat op sodanige liggame van toepassing is, of ‘n vrywillige liggaam wat die funksies beoog in die wetgewing vir sodanige liggame uitvoer maar nie as sodanig geregistreer is nie;

"sektor" ‘n omskrewe deel van sosiale, kommersiële of opvoedkundige aktiwiteite wat gebruik word om die grense van ‘n Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam voor te skryf;

"Standaarde Ontwikkelingsliggaam" ‘n liggaam wat ingevolge artikel 5(1)(a)(ii) van die Wet geregistreer is, wat verantwoordelik is vir die daarstelling van onderwys-en-opleidingstandaarde of kwalifikasies en waaraan spesifieke funksies met betrekking tot die instelling van nasionale standaarde of kwalifikasies ingevolge artikel 5(1)(b)(i) van die Wet toegeken is;

"terrein" ‘n spesifieke leergebied wat as ‘n organiseringsmeganisme vir die Nasionale Kwalifikasiesraamwerk gebruik word;

"uitkomste" die kontekstueel gedemonstreerde eindprodukte van die leerproses;

"verskaffer" ‘n liggaam wat leerprogramme aanbied wat in spesifieke standaarde of kwalifikasies van die Nasionale Kwalifikasiesraamwerk kulmineer, en wat die assesering daarvan bestuur;

"voorwaardelike registrasie" die registrasie van ‘n private inrigting vir hoër onderwys soos gespesifiseer in die Wet op Hoër Onderwys, 1997(No.101 van 1997); en

"Wet" die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasies-owerheid, 1995 (Wet No. 58 van 1995).

HOOFSTUK 2

ONDERWYS-EN-OPLEIDING KWALITEIT-VERSEKERINGSLIGGAME

Akkreditering

2. (1) Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggame moet in elke sektor deur die Owerheid geakkrediteer word vir die doel van monitering en ouditering van prestasies ingevolge nasionale standaarde of kwalifikasies, en aan wie spesifieke funksies aangaande die monitering en ouditering van nasionale standaarde of kwalifikasies ingevolge artikel 5(1)(b)(i) van die Wet opgedra moet word.

(2) In ‘n sektor waar geen Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam geakkrediteer is nie of waar ‘n Onderwys-en-opleiding Kwaliteits-versekeringsliggaam versuim om sy verantwoordelikhede na te kom, en waar die Owerheid dit nodig ag, moet die Owerheid die funksies en verantwoordelikhede wat normaalweg aan ‘n Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam toegeken word, onderneem.

(3) ‘n Organisasie of groep van organisasies wat verlang om as ‘n Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam geakkrediteer te word, moet in een van die volgende sektore ingestel wees :

a. ‘n Sosiale sektor;
b. ‘n Ekonomiese sektor; of
c. ‘n Onderwys-en-opleiding subsisteem sektor.

Kriteria vir akkreditering van Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggame

3. (1) ‘n Organisasie of groep van organisasies wat ‘n sektor beoog in regulasie 2(3) verteenwoordig en wat aan die kriteria vir akkreditering as ‘n Onderwys-en-op-leiding Kwaliteit-versekeringsliggaam aangedui in subregulasie (2) voldoen, kan by die Owerheid aansoek doen om akkreditering as ‘n Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam.

(2) So ‘n organisasie moet aantoon dat -

a. daar ‘n behoefte bestaan om ‘n Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam in te stel in die sektor waarin hy verlang om te funksioneer;
b. hy ‘n primêre fokus vir sy kwaliteit-versekeringsaktiwiteite het wat gebaseer is op sy verbintenis met die geïdentifiseerde sektor en die geïdentifiseerde missie van daardie sektor;
c. hy nie die funksies of gedeeltes van funksies van ‘n bestaande Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam dupliseer nie, tensy die Owerheid sodanige duplisering of gedeeltelike duplisering nodig ag;
d. hy die vermoë het om die funksies wat deur die Owerheid aan hom opgedra word, te verrig;
e. hy oor genoegsame hulpmiddele beskik om gedurende die tydperk van akkreditering lewensvatbaar te wees;
f. hy ‘n kwaliteit-bestuursisteem het wat insluit, maar nie beperk is nie tot-
    i. (i) kwaliteit-bestuursbeleid wat die kwaliteit omskryf wat die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam verlang om te bereik;
    ii. (ii) kwalileit-bestuursprosedures wat die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam in staat stel om sy omskrewe kwaliteit-bestuursbeleid uit te voer; en
    iii. (iii) hersieningsmeganismes wat verseker dat die omskrewe kwaliteit-bestuursbeleid en prosedures toegepas word en effektief bly;
g. die funksie van eksterne kwaliteit-versekering apart en onafhanklik is van die funksie van voorsiening van onderwys en opleiding;
h. ten opsigte van die kwaliteit-versekeringsfunksie, hy nasionale insethouer-verteenwoordiging op besluitnemingsvlak het, welke verteenwoordiging openbare aanspreeklikheid en deursigtigheid moet verseker; en
i. sy aktiwiteite die doelwitte van die Nasionale Kwalifikasiesraamwerk gaan bevorder.

(3) ‘n Organisasie wat akkreditering as ‘n Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam verlang, moet skriftelik aanvaar -

a. die reg van die Owerheid om te eniger tyd die aktiwiteite van ‘n Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam te ondersoek en sy kwaliteit-bestuursbeleid en prosedures te hersien;
b. die reg van die Owerheid om leiding aangaande die aktiwiteite van ‘n Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam te verskaf; en
c. die reg van lede van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam om die Owerheid direk te nader aangaande aangeleenthede wat die doeltreffendheid van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam beïnvloed: Met dien verstande dat redelike stappe om sodanige aangeleenthede op te los op die vlak van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam gedoen is.

Sertifikaat van akkreditering

4. (1) Elke Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam moet by akkrediteing deur die Owerheid met ‘n sertifikaat van akkreditering uitgereik word.

(2) Die sertifikaat van akkreditering moet die spesifieke standaarde of kwalifikasies waarvoor akkreditering toegeken is, aandui: Met dien verstande dat sodanige standaarde of kwalifikasies tot die primêre fokus van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam beperk is, tensy ‘n uitbreiding van akkreditering ingevolge regulasie 5 verleen is.

(3) Elke geakkrediteerde Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam moet in die eerste kalendermaand van die derde jaar van akkreditering en elke derde jaar daarna, ‘n verslag aan die Owerheid voorlê wat die redes verskaf waarom die akkreditering behou moet word, en die resultate aandui wat deur die betrokke Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam in die voorafgaande twee jaar bereik is.

Uitbreiding van akkreditering

5. (1) ‘n Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam wat die uitbreiding van sy akkreditering verlang om standaarde of kwalifikasies in te sluit wat nie deur die Owerheid beskou word om in sy primêre fokus te wees nie, moet ‘n aansoek te dien effekte by die Owerheid indien, wat sy vermoë aantoon om die kriteria vir sodanige akkreditering ingevolge regulasie 3(1) en (2) te bereik.

(2) By die toestaan van die uitbreiding moet die sertifikaat van akkreditering dienooreenkomstig geëndosseer word.

Herroeping van akkreditering

6. Die akkreditering van ‘n Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam kan herroep word indien hy, na die oordeel van die Owerheid, versuim om sy funksies bevredigend te verrig.

Lidmaatskap van Onderwys-en-opleidng Kwaliteit-versekeringsliggame

7. Die lede van ‘n Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam moet daardie lede van ‘n organisasie of groep van organisasies wat geakkrediteer is as ‘n Onderwys-en-op-leiding Kwaliteit-versekeringsliggaam wees wat in daardie liggaam aangestel is deur sodanige organisasie of groep van organisasies wat aan die vereistes van regulasie 3(2) voldoen.

Ontruiming van amp deur lede van Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam

8. Die voorsitter of enige lid van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam bedoel in regulasie 7 ontruim sy of haar amp indien -

a. sy of haar boedel gesekwestreer word of hy of sy ‘n skikking met sy of haar skuldeisers aangaan;
b. hy of sy ingevolge een of ander wet as ‘n geestelik ongestelde persoon aangehou word;
c. hy of sy sonder die verlof van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam afwesig is van drie opeenvolgende vergaderings van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam;
d. hy of sy by wyse van skriftelike kennisgewing aan die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam bedank;
e. hy of sy, gedurende die loop van sy of haar ampstermyn, skuldig bevind word aan ‘n misdryf en tot gevangenisstraf sonder die keuse van ‘n boete gevonnis word; of
f. hy of sy, na die oordeel van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekerings-liggaam, versuim om sy of haar verantwoordelikhede na te kom.

Funksies van Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam

9. (1) ‘n Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam moet -

a. belanghebbende verskaffers akkrediteer vir spesifieke standaarde of kwalifikasies wat op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk gerigestreer is;
b. kwaliteit tussen belanghebbende verskaffers bevorder;
c. verskaffing deur belanghebbende verskaffers monitor;
d. assesering en fasilitering van moderering tussen belanghebbende verskaffers evalueer;
e. belanghebbende assessors vir spesifieke geregistreerde standaarde of kwalifikasies registreer ingevolge die kriteria wat vir hierdie doel vasgestel is;
f. verantwoordelikheid aanvaar vir die sertifisering van belanghebbende leerders;
g. saamwerk met die relevante liggaam of liggame wat aangestel is om regoor Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggame te modereer, met inbegrip van , maar nie beperk nie tot, die moderering van kwaliteit-versekering ten opsigte van gespesifiseerde standaarde of kwalifikasies waarvoor een of meer Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekerings-liggame geakkrediteer is;
h. nuwe standaarde of kwalifikasies aanbeveel aan Nasionale Standaardeliggame vir oorweging, of veranderings aan bestaande standaarde of kwalifikasies aanbeveel aan die Nasionale Standaarde-liggame vir oorweging;
i. ‘n data-basis in stand hou wat vir die Owerheid aanvaarbaar is;
j. verslae aan die Owerheid voorlê, in ooreenstemming met die vereistes van die Owerheid; en
k. die ander funksies verrig wat van tyd tot tyd deur die Owerheid aan hom opgedra word.

(2) ‘n Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam, in die uitvoering van sy funksies -

a. moet voldoen aan regulasies 2 tot 12 van die Regulasies vir Nasionale Standaardeliggame (R.452 van 28 Maart 1998, Staatskoerant No. 18787);
b. kan geselekteerde funksies beoog in subregulasie (1) opdra aan ‘n belanghebbende verskaffer of ander liggaam met die voorafgaande goedkeuring van die Owerheid, maar mag nie sy verantwoordbaarheid teenoor die Owerheid opdra nie; en
c. indien hy kragtens ‘n ander Parlementswet ingestel is om ‘n enkel-gekoördineerde sisteem van meervoudige-kwalifikasie verskaffers te bestuur, moet die funksie van registrasie van belanghebbende assessors beoog in subregulasie (1)(e) aan sy verskaffers opdra indien hulle kwaliteitbestuursisteem die monitering van hierdie funksie insluit en die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid in kennis gestel is.

HOOFSTUK 3

REGLEMENT VAN ORDE EN FINANSIERING VAN DIE BEDRYWIGHEDE VAN ONDERWYS-EN-OPLEIDING KWALITEIT-VERSEKERINGSLIGGAME

Finansiering van bedrywighede van Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggame

10. (1) ‘n Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam wat verlang om ‘n ooreenkoms met die Owerheid te bereik aangaande gelde wat gehef of kwytgeskeld kan word kragtens die magte wat deur die Owerheid gedelegeer is aan die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam, moet ‘n besigheidsssplan voorlê wat die doelwitte aandui wat bereik moet word in die verslagtydperk wat normaalweg drie jaar is, en wat ‘n finansiële begroting moet insluit.

(2) Die finansiële plan beoog in subregulasie (1) moet die voorgestelde gelde aandui wat gehef of kwytgeskeld kan word en die effek van sodanige voorstelle op die bereiking van die doelwitte van die Nasionale Kwalifikasiesraamwerk, met besondere verwysing na die fasilitering van toegang tot, en mobiliteit en vordering binne, onderwys, opleiding en loopbane.

Reglement van orde

11. Elke Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam word, wanneer hy as sodanig funksioneer, beheer deur sy reglement van orde wat moet voldoen aan die Riglyne vervat in die Byvoegsel tot hierdie Regulasies.

HOOFSTUK 4

VERSKAFFERS VAN ONDERWYS EN OPLEIDING

Akkreditering van verskaffers

12. ‘n Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam kan op aansoek ‘n liggaam wat aan die vereistes beoog in regulasie 13 voldoen, as ‘n verskaffer akkrediteer.

Kriteria vir akkreditering van verskaffers

13. ‘n Liggaam kan as ‘n verskaffer geakkrediteer word deur ‘n Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam wie se primêre fokus met die primêre fokus van die verskaffer ooreenstem: Met dien verstande dat die liggaam wat akkreditering verlang -

a. as ‘n verskaffer ingevolge die toepaslike wetgewing geregistreer is ten tyde van die aansoek om akkreditering;
b. ‘n kwaliteit-bestuursisteem het wat insluit, maar nie beperk is nie tot -
    1. kwaliteit-bestuursbeleid wat dit wat die verskaffer verlang om te bereik, omskryf;
    2. kwaliteit-bestuursprosedures wat die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-
    3. versekeringsliggaam in staat stel om sy omskrewe kwaliteit-bestuursbeleid uit te voer; of
    4. hersieningsmeganismes wat verseker dat die omskrewe kwaliteit-bestuursbeleid en -prosedures toegepas word en effektief bly;
c. in staat is om leerprogramme wat in spesifieke geregistreerde standaarde of kwalifikasies kulmineer, te ontwikkel, te voorsien en te evalueer;
d. die -
    i. nodige finansiële, administratiewe en fisiese hulpbronne het;
    ii. beleid en praktyke vir personeelkeuring, -beoordeling en -ontwikkeling het;
    iii. beleid en praktyke vir leerder toetrede, leiding en ondersteuningsisteme het;
    iv. beleid en praktyke vir die bestuur van buite-werksperseel praktiese of werksperseel komponente het;
    v. beleid en praktyke vir die bestuur van assesering het;
    vi. nodige rapporteringsprosedures het; en
    vii. vermoë het om die verlangde uitkomste te bereik, deur die gebruikmaking van beskikbare hulpbronne en prosedures wat deur die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggame nodig geag word om leerprogramme wat kulmineer in spesifieke geregistreerde standaarde of kwalifikasies beoog in paragraaf (c) te ontwikkel, te voorsien en te evalueer; en
e. nog nie akkreditering verleen is deur, of aansoek gedoen het om akkreditering by, ‘n ander Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam beoog in regulasie 2 nie.

Sertifikaat van akkreditering as verskaffer

14. (1) Elke geregistreerde verskaffer moet tydens akkreditering met ‘n sertifikaat van akkreditering deur die betrokke Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam uitgereik word, welke sertifikaat deur die Owerheid geëndosseer moet word, en moet aandui -

(a) dat dit ‘n belanghebbende verskaffer van die betrokke Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam is; en

(b) die standaarde of kwalifikasies waarvoor akkreditering verleen is.

(2) Elke geakkrediteerde verskaffer moet, in die eerste kalendermaand van die vyfde jaar vanaf akkreditering en elke daaropvolgende vyfde jaar, ‘n verslag aan die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam voorlê wat die redes verskaf waarom die akkreditering behou moet word, en die resultate aandui wat deur hom in die voorafgaande vier jaar bereik is.

Uitbreiding van akkreditering van verskaffers

15. (1) ‘n Geakkrediteerde verskaffer wat die uitbreiding van sy akkreditering verlang om standaarde of kwalifikasies wat nie deur die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-ver-sekeringsliggaam waarby hy geakkrediteer is, beskou word om in sy primêre fokus te wees nie, moet ‘n aansoek te dien effekte aan die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam waarby hy geakkrediteer is, voorlê waarin sy vermoë aangetoon word om aan die kriteria vir sodanige uitbreiding van akkreditering te voldoen.

(2) Die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam waarby sodanige verskaffer geakkrediteer is, moet met die instemming van die Owerheid die uitbreiding van akkreditering wat verlang word via die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam met primêre fokus op die standaarde of kwalifikasies waarvoor aansoek gedoen is, reël : Met dien verstande dat -

a. die kriteria vir sodanige akkreditering beoog in regulasie 13 nagekom is;
b. assessors wat geregistreer is by die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam waarby die verskaffer geakkrediteer is, die assesering uitvoer van die geregistreerde standaarde of kwalifikasies waarvoor uitbreiding verlang word; of
c. assessors wat geregistreer is by die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam met primêre fokus op die standaarde of kwalifikasies waarvoor aansoek gedoen is, die assesering uitvoer.

(3) Die Owerheid moet, in oorleg met die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-verseke-ringsliggaam van primêre fokus beoog in subregulasie (2), verseker dat die kriteria vir akkreditering beoog in regulasie 13 vir die gespesifiseerde standaarde of kwalifikasies nagekom word.

(4) Die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam waarby die verskaffer wat aansoek doen om die uitbreiding van akkreditering geakkrediteer is, bly die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam van primêre fokus nadat die uitbreiding van akkreditering toegestaan is.

(5) By die toestaan van die uitbreiding moet die sertifikaat van akkreditering soos beoog in regulasie 14(1)(b) geëndosseer word.

Voorlopige akkreditering van verskaffers

16. (1) Indien die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam by wie aansoek om akkreditering gedoen word, van oordeel is dat ‘n geregistreerde verskaffer of ‘n verskaffer wat voorwaardelike akkreditering verlang nie aan al die kriteria vir akkreditering voldoen nie, dan kan sodanige Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam aan sodanige verskaffer voorlopige akkreditering vir ‘n ooreengekome tydperk wat nie twee jaar oorskry nie verleen, waartydens hy ‘n ontwikkelingsprogram ooreengekom met die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam moet ondergaan, wat ontwerp is om hom in staat te stel om aan die vereiste kriteria vir akkreditering te voldoen: Met dien verstande dat die belange van die leerder, na die oordeel van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam gedurende die implementering van die ontwikkelings-program beskerm word.

(2) Elke verskaffer moet by voorlopige akkreditering met ‘n sertifikaat van voorlopige akkreditering deur die betrokke Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam uitgereik word, welke sertifikaat deur die Owerheid geëndosseer moet word, en moet aandui -

a. dat dit ‘n belanghebbende verskaffer is wat geakkrediteer is deur die betrokke Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam;
b. die standaarde of kwalifikasies waarvoor voorlopige akkreditering verleen is; en
c. die datums waarop sodanige voorlopige akkreditering ‘n aanvang neem en beëindig word.

Herroeping van akkreditering van verskaffers

17. Die akkreditering van ‘n verskaffer kan herroep word indien hy na die oordeel van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam waarby hy geakkrediteer is, soos geëndosseer deur die Owerheid, versuim om sy funksies bevredigend te verrig.

(2) ‘n Verskaffer kan versoek dat sy akkreditering vir spesifieke standaarde of kwalifikasies herroep word.

HOOFSTUK 5

MODERERINGSLIGGAME

Aanstelling van modereringsliggame

18. Sou die Owerheid dit nodig ag, sal dit ‘n modereringsliggaam aanstel: Met dien verstande dat die liggaam -

a. voldoen aan die addisionele kriteria van die betrokke Standaarde Ontwikkelingsliggaam wat by sy Nasionale Standaardeliggaam aanbeveel is ingevolge regulasie 24(1) van die Regulasies vir Nasionale Standaardeliggame, 1998 (R.452 van 28 Maart 1998, Staatskoerant No. 18787), en deur die Owerheid goedgekeur is;
b. die modereringsfunksies op ‘n wyse kan uitvoer wat verseker dat assesering van die uitkomste beskryf in standaarde of kwalifikasies regverdig, geldig en betroubaar is; en
c. nasionale insethouer-verteenwoordiging op besluitnemingsvlak het, welke verteenwoordiging die belange reflekteer van diegene wat voordeel put uit, en ‘n direkte belang het by, die bedrywighede van die modereringsliggaam.

Briewe van aanstelling as modereringsliggame

19. (1) Die Owerheid kan ‘n modereringsliggaam of modereringsliggame vir die tydperk en vir die standaarde of kwalifikasies wat hy nodig ag, aanstel om die uitvoering van die funksie van moderering te verseker.

(2) Die Owerheid moet elke modereringsliggaam wat as sodanig aangestel is, uitreik met ‘n brief van aanstelling wat die datum en duur van aanstelling en die standaarde of kwalifikasies wat hy moet modereer, stipuleer.

Funksies van modereringsliggame

20. Modereringsliggame moet -

a. vasstel of asseseringsbesluite ten opsigte van spesifieke standaarde of kwalifikasies wat deur een of meer Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggame gemaak is, regverdig, geldig en betroubaar is ingevolge die uitkomste wat in daardie standaarde of kwalifikasies beskryf word;
b. aanbevelings by die Owerheid doen met betrekking tot -
    i. verbeterings vereis in die funksionering van ‘n Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam;
    ii. akkreditering van ‘n Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekerings-liggaam;
    iii. veranderings aan standaarde of kwalifikasies vir oorweging deur Nasionale Standaardeliggame; en
    iv. die ander aspekte wat van tyd tot tyd deur die Owerheid aangewys kan word; en
c. die ander funksies van moderering verrig wat van tyd tot tyd deur die Owerheid vasgestel kan word.

Beëindiging van aanstelling van modereringsliggame

21. (1) Die aanstelling van ‘n modereringsliggaam word outomaties beëindig op die tyd en datum wat gestipuleer is in die brief van aanstelling, tensy skriftelik anders deur die Owerheid aangedui word.

(2) Die aanstelling van ‘n modereringsliggaam kan beëindig word indien hy, na oordeel van die betrokke Standaarde Ontwikkelingsliggaam of Nasionale Standaardeliggaam, soos geëndosseer deur die Owerheid, versuim om sy funksies bevredigend te verrig.

HOOFSTUK 6

PROFESSIONELE LIGGAME EN EKSAMINERINGSLIGGAME

Insluiting van professionele liggame en eksamineringsliggame in standaard-vasstelling, kwaliteit-versekering en moderering

22. Professionele liggame en eksamineringsliggame kan aansoek doen om -

a. erkenning as, of lidmaatskap van, ‘n Standaarde Ontwikkelingsliggaam soos beoog in regulasie 20 of 22(1) van die Regulasies vir Nasionale Standaardeliggame, 1998 (R. 452 van 28 Maart 1998, Staatskoerant No. 18787);
b. akkreditering as ‘n Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam soos beoog in regulasie 2; en aanstelling as ‘n modereringsliggaam soos beoog in regulasie 18.

HOOFSTUK 7

DIVERSE BEPALINGS

Appèl prosedure

23. (1) ‘n Organisasie wat teen ‘n besluit van ‘n liggaam beoog in regulasies 2 en 12 wil appelleer, moet ‘n geskrewe voorlegging te dien effekte, tesame met die redes vir appèl, aan die Owerheid maak binne drie kalendermaande na sodanige besluit geneem is.

(2) Indien die Owerheid ‘n appèl teen ‘n besluit van ‘n liggaam beoog in regulasies 2 en 12 handhaaf, moet daardie liggaam –

a. die besluit dienooreenkomstig wysig;
b. die wysiging aanteken in al die betrokke dokumentasie waarin die oorspronklike besluit aangeteken was;
c. die nodige wysigings op al die betrokke dokumentasie aanbring; en
d. hersiene weergawes van al die betrokke dokumentasie uitreik.

Kort titel

24. Hierdie regulasies sal heet die Regulasies op Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggame, 1998.

BYVOEGSEL

RIGLYNE VIR REGLEMENT VAN ORDE VIR ONDERWYS-EN-OPLEIDING KWALITEIT-VERSEKERINGSLIGGAAM

WOORDOMSKRYWING

1. In hierdie Reglement, tensy uit die samehang anders blyk, beteken -

"Komitee" enige komitee van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam;

"lid" ‘n lid van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam;

"Resolusie" ‘n besluit van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam;

"Sekretaris" ‘n lid van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam aangewys vir hierdie doel;

"Uitvoerende Komitee" ‘n komitee ingestel om sekere aangewese funksies namens die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam uit te voer; en

"Voorsitter" die Voorsitter van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam.

LEDE VAN DIE ONDERWYS-EN-OPLEIDING KWALITEIT-VERSEKERINGS- LIGGAAM

2. Die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam moet vir die doel van die kwaliteit-versekeringsfunksie, bestaan uit ‘n Voorsitter, ‘n Onder-voorsitter, ‘n Sekretaris en die ander lede deur die Owerheid aangestel, onderworpe aan die vereiste dat die Voorsitter eers deur die lede van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam verkies moet word, òf uit hul geledere òf uit ander bronne.

VOORSITTENDE BEAMPTES

3. Die Voorsitter van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam sit voor by vergaderings van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam. Indien die Voorsitter afwesig is van ‘n vergadering moet die Onder-voorsitter voorsit. In die afwesigheid van beide, kan die aanwesige lede ‘n voorsitter vanuit hulle geledere verkies om by die vergadering waar te neem.

VERGADERINGS VAN DIE ONDERWYS-EN-OPLEIDING KWALITEIT- VERSEKERINGSLIGGAAM

4. Die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam vergader op die plekke en op die tye wat van tyd tot tyd by Resolusie bepaal word.

5. Spesiale vergaderings kan volgens die diskresie van die Voorsitter belê word, of volgens die gestaafde versoek van nie minder nie as een derde van die lede, in welke geval die vergadering gehou word op ‘n tyd en plek deur die Sekretaris bepaal, so gou doenlik na die ontvangs van ‘n versoek.

6. Die Voorsitter, na oorlegpleging met die Uitvoerende Komitee, het die reg om enige vergadering van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam uit te stel indien dit voorkom dat die sake op die agenda nie die byeenroep van so ‘n vergadering regverdig nie, met die voorbehoud dat lede minstens een week voor die datum waarop die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam sou vergader, ingelig moet word oor die uitstel en met die verdere voorbehoud dat vergaderings nie afgestel of uitgestel mag word weens toerekenbare gebeure of oorwegings buite die beheer van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam nie, tensy twee-derdes van die lede daartoe instem.

7. Enige persoon wie se teenwoordigheid vir die doel van ‘n vergadering vereis word, kan deur die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam uitgenooi word om ‘n vergadering van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam by te woon.

8. Alle dokumentasie wat aan lede versprei word, moet op ‘n wyse toepaslik tot die aard en status van die inhoud geklassifiseer word, met die verstandhouding dat dit die verantwoordelikheid van die lede is om te sorg dat sodanige dokumentasie volgens die klassifikasie hanteer word.

KENNISGEWING VAN VERGADERINGS

9. Kennisgewing van enige vergadering van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-verseke-ringsliggaam, wat ‘n agenda moet insluit van die sake wat daar oorweeg moet word, moet minstens 14 dae voor die geskeduleerde datum van die vergadering deur die Sekretaris aan elke lid en die ander persone van wie verwag word om by te woon, gestuur word aan die adres wat by die Sekretaris geregistreer is: Met dien verstande dat in die geval van spesiale vergaderings die korter geskrewe kennisgewing wat die Voorsitter besluit, maar nie minder nie as drie werksdae, gegee kan word.

10. Die nie-ontvangs van enige kennisgewing wat behoorlik gestuur is aan die geregistreerde adres van ‘n lid, raak nie die verrigtinge van enige vergadering of maak dit ongeldig nie.

BYWONINGSREGISTER

11. Elke lid wat teenwoordig is by ‘n vergadering van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit- versekeringsliggaam moet die bywoningsregister onderteken wat vir daardie doel beskikbaar moet wees.

KWORUM

12. Een helfte van die lede, uitgesonderd die Voorsitter, maak ‘n kworum uit by alle gewone vergaderings van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam. By spesiale vergaderings maak een derde van die lede van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam, uitgesonderd die Voorsitter, ‘n kworum uit.

13. Wanneer die getal lede wat op die tyd en plek bepaal vir ‘n vergadering teenwoordig is, onvoldoende is om ‘n kworum te vorm, moet die vergadering voortgaan, met die voorbehoud dat enige besluite wat geneem word as konsep-besluite beskou moet word en aan die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam gesirkuleer moet word vir verdere bespreking en kommentaar voor bekragtiging.

PERSVERKLARINGS

14. Waar dit nodig geag word om persverklarings uit te reik oor aspekte met betrekking tot die bedrywighede en vergaderings van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekerings-liggaam, moet hulle deur die Voorsitter van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-verseke-ringsliggaam, met die instemming van die Voorsitter van die Owerheid, uitgereik word.

NOTULES

15. Notules moet van elke vergadering saamgestel word en vir bekragtiging voorgelê word by die volgende vergadering. Die Sekretaris moet die notule saam met die kennisgewing van die volgende vergadering aan lede versprei.

16. Notules gee nie die verrigtinge van vergaderings woord vir woord weer nie, maar is ‘n opsommende rekord van die verrigtinge, Resolusies en verlangde aksies, met die voorbehoud dat enige lid oor die reg beskik om te versoek dat sy of haar spesifieke standpunt in die notules reflekteer word.

DEBATTE VAN DIE ONDERWYS-EN-OPLEIDING KWALITEIT-VERSEKERINGS-LIGGAAM EN STEMMING

17. By die beheer van enige vergadering van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam is die gewone reëls van debattering van toepassing.

18. Besluitneming geskied by konsensus, met die voorbehoud dat waar konsensus nie bereik kan word nie daar gestem kan word. Waar stemming nodig geag word, moet daar met hand-opsteek gestem word, tensy ‘n skriftelike stemming deur enige lid versoek word, in welke geval ‘n geheime skriftelike stemming gehou moet word.

19. Die Voorsitter, wanneer hy of sy voorsit, het nie ‘n beraadslagende stem nie, maar ‘n beslissende stem.

20. In die afwesigheid van die Voorsitter het die waarnemende Voorsitter (hetsy die Onder-voorsitter of ‘n ander) nie ‘n beslissende stem nie, maar ‘n beraadslagende stem.

21. Dit is die plig van ‘n lid van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam om enige geldelike belang in ‘n aangeleentheid wat gedebatteer word deur die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam te verklaar en om aan te bied om hom- of haarself aan die debat te onttrek: Met dien verstande dat sodanige lid onttrek moet wees wanneer ‘n besluit oor so ‘n aangeleentheid deur die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam geneem word.

22. Tensy in hierdie reglement anders bepaal word, is die besluit van die meerderheid van die lede wat teenwoordig is by ‘n vergadering van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam die besluit van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekerings-liggaam. Minderheidstandpunte kan op versoek van sodanige lede aangeteken word.

23. Ondanks enige bepalings van hierdie reglement, indien enige saak tussen gewone vergaderings ontstaan wat ‘n besluit van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-verseke-ringsliggaam vereis, en wat na die mening van die Voorsitter nie tot die volgende gewone vergadering van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam uitgestel behoort te word nie, kan die Voorsitter die Sekretaris magtig om ‘n kennisgewing waarin die betrokke saak weergegee word, op te stel en per geregistreerde pos of koerierdiens aan elke lid te stuur, met die versoek van ‘n posstem waarop ‘n besluit geneem kan word. Die kennisgewing moet die tydperk spesifiseer waarin ‘n posstem ingedien kan word, welke tydperk nie minder as tien dae mag wees nie vanaf die datum van afsending van die kennisgewing. Die besluit van die meerderheid van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam word beskou as die besluit van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam. Die uitslag van elke sodanige stemming moet tydens die daaropvolgende vergadering van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekerings-liggaam bekend gemaak word.

INSTELLING VAN UITVOERENDE KOMITEE

24. ‘n Uitvoerende Komitee bestaan uitsluitlik uit lede van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam en word deur hom aangestel. Dit bestaan uit die Voor-sitter en die ander lede wat bepaal en genomineer word deur die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam : Met dien verstande dat -

a. sodanige Uitvoerende Komitee, onderhewig aan die opdragte van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam, die sake van die Onderwys-en-oplei-ding Kwaliteit-versekeringsliggaam tussen vergaderings moet hanteer: Met dien verstande voorts dat alle beginselsake die prerogatief van die Onderwys-en-op-leiding Kwaliteit-versekeringsliggaam is;
b. die Voorsitter, of in die afwesigheid van die Voorsitter, die waarnemende Voor-sitter wat deur die lede verkies is, by alle vergaderings van die Uitvoerende Komitee moet voorsit;
c. die Voorsitter by elke gewone vergadering van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam verslag moet doen oor die werk van die Uitvoerende Komitee; en
d. ‘n kworum van die Uitvoerende Komitee bestaan uit die Voorsitter plus een helfte van die lede van daardie Komitee.

ROL VAN DIE SEKRETARIS

25. Die sekretariële werk verbonde aan die uitvoering deur die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam se funksies word, onderworpe aan die voorskrifte van die Voorsitter van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam, deur die Sekre-taris uitgevoer.

26. Die rol van die Sekretaris is om die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam by te staan deur -

a. ‘n sekretariële funksie te voorsien;
b. advisering aangaande administratiewe aangeleenthede;
c. doeltreffende administratiewe diens;
d. hulpverlening met die bestuur van projekte; en
e. uitvoering van die ander take wat die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-verseke-ringsliggaam van tyd tot tyd kan vereis.

WYSIGING VAN DIE REGLEMENT

27. Hierdie reglement kan met die instemming van die Owerheid aangevul of gewysig word by enige vergadering van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam deur ‘n eenvoudige meerderheid van die lede wat teenwoordig is: Met dien verstande dat so ‘n wysiging ‘n spesifieke item op die agenda uitmaak, die teks daarvan saam met die agenda aan die lede versprei is en minstens die helfte van die lede by die vergadering aanwesig is.

HERSIENING VAN BESLUITE VAN DIE ONDERWYS-EN-OPLEIDING KWALITEIT-VERSEKERINGSLIGGAAM

28. Aan elke besluit wat by ‘n vergadering van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam geneem word, moet ‘n unieke Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-ver-sekeringsliggaam-besluitnommer toegeken word, en dit word beskou as ‘n Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam-besluit. ‘n Lid wat verlang dat ‘n besluit hersien moet word, moet ‘n skriftelike kennisgewing van so ‘n behoefte tesame met volle redes vir die verlangde hersiening, minstens 14 dae voor die aanvang van ‘n vergadering van die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam aan die Sekretaris voorlê. Sou die Onderwys-en-opleiding Kwaliteit-versekeringsliggaam die besluit wysig, moet die wysiging in die notule van die vergadering aangeteken word, die nodige wysigings aan dokumentasie gemaak word en hersiene weergawes van die dokumentasie uitgereik word.